# DIE BELANGSTELLING VAN DIE KERK VANAF DIE VROEGSTE EEUE IN VERBAND MET DIE GODSDIENSTIGE VORMING VAN DIE JEUG IN DIE EREDIENS, DIE OUERHUIS, DIE KATEGESE, JEUGVERENIGING

## A. BYBELSE GRONDSLAG: *Opdrag en Subjek van die godsdienstige vorming van die Jeug*:

Die Kerk mag geen ander grondslag vir die godsdienstige vorming van die jeug hê as die Heilige Skrif. Die Skrif bied op hierdie terrein ook duidelike gegewens en opdrag.

God het sy opdragte aan sy verbondsvolk gegee.

Alhoewel die omstandighede in die Bybelse tye baie verskillend was, het die opdrag en die verantwoordelikheid, om die jeug tot die geloof te bring, altyd gebly. Die vorm waarin dit plaasgevind het, het natuurlik gewissel. Die subjek wat in die allereerste plek die arbeid moes dra, was die ouerhuis, as deel van die verbondsvolk.

Die ouers bly dwarsdeur die Heilige Skrif steeds die belangrikste en eerste verantwoordelikes.[1] Die Bybel roep hulle van die vroegste tye af daartoe. Die Kerk wat die Bybelse boodskap dra, mag dit nooit verbysien nie, al wissel die omstandighede nog soveel. Dit is die eerste taak van die Kerk in verband met die jeug om die ouers tot die verantwoordelikheid te roep. Wat dan verder deur die loop van die eeue bygebring word, bv. Kerklike kategese, Sondagskool, jeugwerk en jeugklubwerk, moet altyd 'n aanvullende hulp vir die ouerhuis bly. Die kinders behoort aan die Here. Die ouers is die verteenwoordigers van God self by die kinders. Hulle moet teenoor die kinders wees soos God wil hê dat hulle moet wees. Hulle moet met die kinders spreek en handel soos God wil hê dat hulle moet spreek en handel. Hulle moet hulle kinders allereers liefhê want God het die kinders lief. Hulle moet die woorde van God, sy bevele en opdragte tot die kinders, voortdurend spreek, want hulle behoort aan God. Hulle moet met die kinders handel soos God wil dat met die kinders gehandel moet word, dit wil sê in liefde, in geregtigheid, in genade en gestrengheid. So sal Gods beslaglegging op die kinders in waarheid gestalte kry. Dit is die godsdienstige vorming van die jeug.

Die kinders antwoord hierop met hulle eerbied, liefde, waardering en dankbaarheid. En dit is die gelukkige toestand, die beloofde land wat aan hulle toegesê is.[2]

Alles wat hierteen indruis, word deur die Bybel afgewys. Jesus Christus wat die hart van die Bybelse boodskap is, laat ook hierdie lig skerp val en deurbreek alle afwykings in die driehoeks-verhouding—God-ouers-kinders.[3]

Die Kerk van Jesus Christus mag dus nooit van die vaste spoor afwyk nie. Die Kerk moet die driehoeksverhouding beklemtoon onder alle omstandighede en met die mees geskikte vorme en metodes.[4]

## B. VOOR-REFORMATORIESE TYDPERK:

### (*a*) *Die eerste eeue van die Christelike Kerk en die Apostoliese Tyd:*

Die ou en die laat antieke Christene skenk min aandag aan die kind. In die eerste eeue van die Christelike Kerk is die onderrig van die kinders uit die gelowige ouers net aan die ouers alleen oorgelaat. Die Kerk het slegs gesorg vir die kategese van die proseliete. Die Kerk se verpligting tot onderrig van die jeug, het by die doop opgehou. Die Kerk het nie besef dat daar nie slegs onderrig tot die doop, maar ook vanuit die doop en as gevolg van die doop moet wees.[5] Die Kerk het sy verantwoordelike taak ten opsigte van die tweede deel van die bevel van Christus in Matt.

---

[1]) Vgl. Dt. 6:7,20.Ef.6:4.
[2]) Ex. 20:12; Ef.6:1,2;Kol.3:20. Luk 2:51.
[3]) Vgl. Mt.15:4,5. Mt.19:19. Mt.28:19.
[4]) Vgl. P. Biesterveld: *Het Karakter der Catechese*, pag. 25.
[5]) Vgl. Ds. D. S. A. Hugenbeek: *De Moderne Leerkerk*, Pag. 21, uitgawe J. H. Kok N.V. Kampen 1947.

28:19 nie uitgevoer nie, nl.: EN LEER HULLE OM ALLES TE ONDERHOU WAT EK JULLE BEVEEL HET. Die kinders het geen aparte element in die Christelike gemeente gevorm nie. Daar was geen afsonderlike kinderkategese of kinderdienste nie. Daar was net die vanselfsprekend en natuurlike opneem en inskakeling van die kinders.

(*b*) *Augustinus*: *4de eeu n.C.*:

Die antieke skool in die tyd van Augustinus was net vir welgestelde families en net vir seuns. Die leerboeke en metodes het nie met die leeftyd rekening gehou nie. Die plak was druk gebruik en die kind is gesien as 'n veelbelowende volwassene. Die klein kinders is selfs soos volwassenes geklee (ons tref dit nog op verwyderde plekke in Europa aan, bv. Marken en Volendam).

(*c*) *Die oud-Christelike en Bisantynse Kuns* (*Grieks-Romeinse Kuns met weelderige Oosterse inslag*):

Die motief in hierdie kuns is die graadmeter vir die ou visie op die kind. Die motief was veral die van die kind Jesus. In die ou kuns was die kind Jesus onopvallend, sonder kinderlike uitdrukking, net 'n weergawe van die Evangeliese feit. Die Kind is 'n klein leraar wat regop sit, sonder 'n enkele kinderlike gebaar, die hoof omring met 'n stralekrans en 'n boekrol in die een hand. Vir byna 'n duisend jaar verander die onkinderlike en majeustieuse nie—nog in die Weste, nog in die Ooste.

(*d*) *Die Middeleeue*:

Dit kategese, selfs in verband met die proseliete, het verswak. Karel die Grote dwing die Saksers tot die Heilige Doop. In die 13de eeu is van die kategumeen slegs verwag dat hy die Twaalf Geloofsartikels, die Tien Gebooie en die Onse Vader uit die hoof moes ken. Hulle het hulle nie bekommer oor die regte begrip daarvan nie. Hierdie toestand bring geen mondigheid, maar afhanklikheid van die geestelike ampsdraer. 'n Verdere ontwikkeling was 'n uiterlike vormlike Konfirmasie wat tot sakrament verhef is.[6]

(*e*) *Laat-Gotiese Meesters*: *14de en 15de eeu*:

Die kunstenaars kry in hierdie tydvak oog vir die aandoenlike van die kind-wees. In die Grieks-Ortodokse kerk is nog lofsange uit daardie tyd bewaar, waarin die sobere aandoening en verwondering in poëtiese ontboeseming uitgespreek oor die paradoks: DIE HULPELOSE ALMAGTIGE (d.w.s. die Kind Jesus).

## C. DIE TYD VANAF DIE REFORMASIE:

(*a*) *Die Reformasie*: *Begin 16de eeu*:

Met die Reformasie begin die gety verander. Die leerstukke moet nou ook begryp word:—

---

[6]) Vgl. Ds. E. GREYLING: *Godsdiensonderwys*, Pag. 11, Sondagskool Depot, Bloemfontein, 1942.

LUTHER:

Luther sê dat elke mens op 10-jarige leeftyd met die Heilige Skrif vertroud moet wees, want daarin lê die hart en die murg van die lewe opgesluit.[7]

CALVYN:

Hy gaan op dieselfde spoor. 1541: Sy tweede kategismus, spesiaal vir kinders, word gepubliseer.[8]

1564: Hy skryf aan die Protektor van Engeland dat, as dit sy plan is, om 'n gebou op te rig wat lank sal staan, en vry van verval, moet hy sy bes doen om die kinders een-vir-een tot die geloof te bring—deur die kategismus wat daarvoor opgestel is; dat hulle kortliks en na hulle begrip mag leer waarin die Christendom bestaan. Calvyn beweer dat DIE VERWAARLOSING VAN DIE KATEGESE DIE BEGIN VAN DIE VERVAL VAN DIE KERK IS.[9] Hy hou die kerk, die huis en die skool verantwoordelik vir die kategese.

Nadat die ouers die kinders tuis geleer het, moes hulle Sondag in die gemeente ondervra word, en verder aanvullende onderrig ontvang. Al die kerke van die Calvinisme in die ander lande, het op die voetspoor van Genève gevolg.

NEDERLAND:

In Nederland waar ons eintlike oorsprong geleë is, het elke nasionale Sinode sedert 1574 oor die kategese gehandel. Selfs die Konvent van Wesel (1568) beveel die kategese sterk aan. Die Sinode van Dordrecht (1816) het 'n grondige bespreking van die metode van kategese gevoer. Die ouers, predikant, ouderling, sieketrooster en onderwyser word vir die kategese verantwoordelik gehou. Daar kom ook differensiasie volgens ouderdom in die onderrig. Kinders word in drie groepe verdeel, nl.: (1) Kleineres tot 8 jaar; (2) groteres; (3) oudstes. Vir elke groep is verskillende leerstof voorgeskryf. Predikante moes die kategismus-prediking so bring dat die kinders dit kon verstaan. Die predikante, vergesel van die ouderlinge, moes die skole dikwels besoek. Die doel was om vlytigheid in te skerp , in de wijze van catechiseeren voor te gaan en met hun exempel de jeugd te onderrichten, dezelven vriendelijk aan te spreken, te ondervragen, en met heilige vermaningen, loftuitinge, en met kleine prijsjes tot vlyt en Godzaligheid opwekken."

Die gemeentes in Suid-Afrika ressorteer in die tyd onder die Classis Amsterdam. Daarom is dieselfde metode ook hier gevolg. Die Reformasie beklemtoon die erediens, die huisgodsdiens en die godsdienstige onderrig in die huisgesin, die kerklike kategese en die godsdiensonderwys in die skool.

---

[7]) Vgl. E. P. Cubberley: *The History of Education*, Pag. 312.
[8]) Vgl. Ds. D. S. Hagenbeck, a.w., Pag. 27, 29.
[9]) H. Stebbing: *The Life and Time of John Calvin*, Pag. 403.

(*b*) *Rousseau, die Romantiek en die Verligting*: 18*de eeu*:

Met hierdie tydperk word die lofsang op die natuurlike voortreflikheid van die kind aangehef. Voor die tyd is die kind as vroegtydige volwassene gedril. Die beskouing was dat die saad so gou moontlik tot gewas moes opskiet. Daarom is ontbering die kind nie gespaar nie en hy moes 'n sterk oorwinningsgees bekom wat vir niks terugdeins nie.

Rousseau het 'n swak sondebegrip en sien die kind as van nature goed en ongeskonde. Wat inherent aanwesig is, moet slegs oopgaan deur uiters takvolle leiding. Sy vertroue op die innerlike Godsstem ens. vind ons in die vrysinnige Protestantisme van die 19de eeu terug.[10]

(*c*) *Die Opkoms van die Psigologie* (*Freud*):

Die Wes-Europese waardeskatting van die kinderlike leeftyd het aangebreek (die eeu van die kind). Die kind word gesien as 'n selfstandige persoonlikheid en as sodanig moet hy gerespekteer word. Hy moet nie deur kwasi-volwassenheid of onwaaragtigheid of onegtheid beskadig word nie.

(*d*) *Jeugsielsorg*:

Die Jeugsielsorg in sy huidige aanpasbare metodes dateer eintlik vanuit die 19de en 20ste eeu.

D. DIE WESENLIK-BLYWENDE UIT DIE VOOR- EN NA-REFORMATORIESE TYD:

(*a*) *Voor-Reformatoriese tyd*:

1. Hierdie tydperk vestig ons aandag daarop dat die kind tuishoort saam met die ouers binne die erediens; ook die kleinste moet nie verhinder word nie, juis omdat rondom die klein kind in die erediens vir ons duidelik word wat lewe uit genade is (vgl. Kinderdoop).

2. Die kind hoort tuis by die gesin. Ons moet hierdie bande wat deur God verordineer en deur Christus geheilig is, nie verbreek nie. Daarom moet die kind deur die ouers meegeneem word na die erediens. Die ouers as deel van die ondsvolk het die opdrag: Laat die kinders na My toe kom (Mark. 10:14). By die intog van Jesus in Jerusalem was die kinders saam met die volwassenes en onder die goedkeuring van Jesus, teenoor die afkeuring van die volwassenes, het hulle uitgeroep: Hosanna vir die Seun van Dawid (Mat. 21). Ook by die vermeerdering van die brode en die vissies (Profetiese handelende heenwysing na Heilige Nagmaal) was die kinders teenwoordig saam met die volwassenes. As Jesus die kinders seën, lei Hy hulle in sy Messiaanse oorvloed.

3. Die bywoning van die erediens is vir die kind onmisbaar vir sy godsdienstige en kerklike vorming. Die kind het reg op 'n plek in die erediens van die volwassenes. Die kind het die religieuse wêreld van die

---

[10]) Vgl. J. N. Bakhuisen van den Brink en J. Lindeboom, deel II, Pag. 256. D. A. Daaman's Uitgeversmaatschappy N.V. 's Gravenhage 1946.

volwassenes nodig om self volwasse te word. Ons moet die kind nie deur 'n verkeerde aanpassingsbegrip voortdurend afsluit in 'n kinderwêreld en die erediens altyd by die kind aanpas nie. Die Reformatoriese volwassene-erediens met sy vaste elemente moet die kind gedurig uitlok tot verdere groei, want dis 'n vrugbare milieu om die kind die geleentheid te gee tot inoefening en ingroeiing in die meelewing met die erediens.

Daar moet altyd spanning wees tussen die waardes en die groeiende persoon. Daarom moet die erediens nie gereduseer of infantiliseer word tot die formaat van die kind nie. (In Kinderdienste kom ons die bevattingsvermoë van die kind in die prediking tegemoet deur dit bewus aan die kinderlike niveau aan te pas.) Groot en heilige dinge moet nooit op karikatuuragtige wyse, maar op eenvoudige wyse aan die kind gebring word. Die kind moet soms op sy tone staan om die dinge by te kom (beeldsprakig).

4. In die erediens hef die gelowige sy hart op na die hemel waar Christus is, ons Voorspraak aan die regterhand van sy Hemelse Vader. Hierdie atmosfeer van gewydheid en erns en eerbied sal die kind se deel word wanneer hy die heiligdom van die barmhartige en koninklike Vader betree as . . .

5. die voorbeeld van die ouers en voorgangers hom aangryp, naamlik die toegewydheid, die erns, die meelewing, die aandagtige aanhoor van die Woord en die deelname aan die Sakrament van die Heilige Nagmaal deur sy ouers en ander volwassenes.

*(b) Die Na-Reformatoriese tyd*:

1. Die Na-Reformatoriese tyd het 'n beter begrip van die jeug self gebring. Die problematiek en karakteristiek van die verskillende leeftye van die kind is in die oog gekry. Hierdie probleme is verskerp deur die vertegniseerde en geïndustrialiseerde maatskappy waarin ons in die moderne tyd te staan gekom het. In die voor-Reformatoriese tydvak was daar van puberteit- en adolessensie-probleme geen sprake omdat die geslagsrypheid reeds teken van die volwassenheid was en die huwelik so spoedig moontlik daarop gevolg het (selfs op 12- en 13-jarige leeftyd). Hulle ken geen moderne gespletenheid en ingewikkeldheid van die maatskappy waarin die jeug moet intree nie. Die vader en moeder het die seun en dogter onderskeidelik ingewy in dit wat die tradisie as vaste waarde meegebring het, en is so tot sy beroep gebring (gilde, boerdery, ens.).

2. Nuwe hulpmiddels en metodes is bygevoeg om die ouers te help in die gekompliseerde maatskaplike samelewing waarin ons te staan gekom het in die ontwikkeling van die tegniek en die industrie. Die Reformatore het beslis die vinger op die belangrikste gelê, nl. die erediens, godsdienstige vorming en onderrig in die huisgesin, die kerklike kategese, die godsdiensonderwys in die skool en hierby het gedurende die laaste eeu bygekom die Sondagskool, die Jeugvereniging en Jeugklubs. Laas-

genoemde drie het onder die leiding van gelowiges buite die kerkverband ontstaan in verskeie Europese lande en het tot geweldige groot selfstandige organisasies uitgegroei. Die Kerk het egter ontwaak en besef dat die arbeid wat so deur die organisasies verrig word, eintlik die taak en roeping van die Kerk is, sodat die arbeid weer in die regte Bybelse kanale gelei kan word: Kerk en ouerhuis-verantwoordelikheid. Al die res bly hulpmiddels.

*Die Ned. Herv. Kerk van Afrika*

Dit is vanselfsprekend dat die Ned. Herv. Kerk van Afrika van die begin af belangstelling sou toon vir die godsdienstige vorming van die jeug. Die wyse waarop dit gestalte sou aanneem stem ooreen met wat ons in die stamlande by die protestantse kerke vind.[11]

Die ouerhuis en die dagskool, het in noue verband met die Kerk hierin 'n groot rol gespeel. Faktore wat daartoe meegewerk het om die aksent in die verband op die ouerhuis en skool te laat val, was:

1. Die groot afstande.
2. Die Kerk was afhanklik van die owerheid.[12]

Van gereëlde katkisasie klasse in die gemeentes deur die predikant of ouderling kon daar geen sprake wees nie. Die mense het te verspreid gewoon.

Die Kerk was afhanklik van die owerheid en die skool was feitlik 'n staat- en gemeenteskool. Eers die Kerkorde van de Mist het skeiding tussen kerk en skool gebring.[13] Die skool was voor 1804 in diens van die kerk en die kerk weer sterk afhanklik van die owerheid.

Opsommend kan ons sê dat die toestand voor 1804 min of meer i.s. godsdiensonderrig vir die kinders asvolg was:

1. Die predikant (as die gemeente so bevoorreg was om een te hê), moes in opdrag van die owerheid oor die godsdiensonderrig van die skool toesig hou.
2. Die predikant moes kategismuspreke hou.
3. Sondae die kinders ondervra en oorhoor i.v.m. wat in die skool en ouerhuis in die week geleer is.
4. 'n Paar weke voor die Aflegging van die Kerklike Geloofbelydenis moes hy die katkisante intensief voorberei.[14]

Anders geformuleer kan ons sê: Na die skoolordinansie van goewerneur Chavonnes (1714) waar onderwysers deur ondertekening instemming

---

[11]) Vlg. Dr. S. P. Engelbrecht: *Geschiedenis van de Nederduits Hervormde Kerk in Zuid-Afrika*, Pag. 2, 5. Deel I. J. H. de Bussy, Amsterdam en Pretoria, 1920.
Vlg. ook Prof. Dr. C. J. de Wet en Prof. Dr. J. Chr. Coetzee: *Beginsels Metodes en Geskiedenis van die Kategetiese Onderwys*, Pag. 66. Nasionale Pers Beperk, Kaapstad, 1943.

[12]) Vgl. Dr. S. P. Engelbrecht a.w. Pag. 5, 6, 7.

[13]) Vgl. Dr. S. P. Engelbrecht a.w. Pag. 19, en ook Dr. E. Greyling: *Godsdiensonderwys*, Pag. 17, Sondagskool Depot Bloemfontein.

[14]) Vlg. E. L. J. Venter: *Die verband tussen Kerk en Skool* (1652–1922), Pag. 5–9.
Vlg. ook E. G. Malherbe: *Education in South Africa* (1652–1922), Pag. 35, 36.

moes betuig met die kerkleer, was dit oorwegend skoolkatkisasie ondersteun deur huiskatkisasie, en hier en daar aangevul deur kerklike katkisasie.[15]

Waar daar nie predikante beskikbaar was nie, veral in die vroegste tyd, het die sieketrooster die kategetiese arbeid waargeneem.

Die leerstof was die Bybelse Geskiedenis en die Heidelbergse Kategismus. In 1804, het de Mist se kerkorde gekom. Daarin is hierdie belangrike bepaling nl. dat daar elke tweede jaar 'n Algemene Kerkvergadering gehou moes word. Eers in 1824 is uitvoering hieraan gegee. Die godsdiensonderrig is toe op 'n beter voet geplaas.

In die „Algemeene Reglement voor het bestuur der Nederduitsche Hervormde Kerk, in Zuid-Afrika, ontworpen in de Algemeene Kerkvergadering, gehouden binnen de Kaapstad, op den 2 November en volgende dagen van het jaar 1824", se tweede onderdeel, word gehandel oor die godsdiensonderrig. Die fundamentele leerboeke was: „Die Heidelber se Kategismus" en „Die Kort Begrip"[16] „waarby het aan de keuzen der leeraren staan zal zoodanige ander boeken door de ondergeschikte onderwyzers te doen gebruiken, als zy tot bevordering van het onderwys in den Hervormden Godsdienst noodig zullen oordeelen, en die, desnoods, door de Algemeene Kerkvergadering zullen worden goedgekeurd."[17] Die ondergeskikte onderwysers moet lidmate van die Hervormde Kerk wees, en as sodanig minstens twee jaar in die gemeente verkeer het, moet onbesproke en voorbeeldig van gedrag wees, en tenminste twee jaar lank hulle opsetlik geoefen en voorberei het tot die gee van godsdienstige onderwys.[18] Dit moet dan plaasvind „onder de goede leiding en het opzigt van eenen of anderen leeraar hunner gemeente."[19]

Dit blyk verder uit hierdie reglement dat die kerk behoorlike toesig oor die godsdiensonderwys moes hou. Met ringsvergaderings moes die aangeleentheid bespreek en bevorder word. Die vrae wat ons vandag nog met die bevestiging van die nuwe lidmate van die kansels af stel, word in die reglement van 1824 genoem.[20]

Die Sinode van 1834, het gespreek van die behoefte aan onderwysers wat nie alleen in lees, skryf en rekenkunde opgelei is nie, maar ook in die „Bybelsche Geschiedenis der Christelyke godsdienst, Zede, en beoefeningsleer; in de Kerkelyke geschiedenis en in de beste wyze van onderrigt".[21]

Vir die jonger kinders is eenvoudiger boekies soos die van Borstius gebruik. Dit het 71 leerstellings en 158 historiese vragies met hul antwoorde bevat.[22]

---

[15]) Vgl. Prof. Dr. C. J. deWet en Prof. Dr. J. Chris Coetzee a.w. Pag. 76.
[16]) Vlg. Prof. Dr. C. J. de Wet en Prof. Dr. J. Chris Coetzee a.w. Pag. 86.
[17]) Vgl. Artikel 31-38 van genoemde Reglement 1824.
[18]) Vgl. Prof. Dr. C. J. de Wet en Prof. Dr. J. Chris Coetzee a.w. Pag. 86.
[19]) Vlg. Aangehaalde Reglement Art. 31–38.
[20]) Vgl. Aangehaalde Reglement Art. 43.
[21]) Notule Sinode 1834.
[22]) Vgl. Prof. Dr. C. J. de Wet en Prof. Dr. J. Chris Coetzee a.w. Pag. 89.

Dit was dan min of meer die stand van sake i.v.m. die godsdiensonderrig toe die Voortrekkers uit die Kaapkolonie die woeste Noorde in getrek het.

Tydens die Groot Trek en gedurende die vestiging van die Republieke, toe onderwysers en predikante skaars was, het die ouerhuis die kategese hoofsaaklik gedra. Omdat die ouerhuis die opvoedingssentrum was vir die geloofslewe, het die geleentheid sig voorgedoen vir die ontwikkeling van die katkiserende ouderling. Hierdie figuur is orals aangetref. In die tye van predikante-skaarste, uitgestrektheid en verspreidheid, ontwrigting soos na die Kerkvereniging in 1885, ontbreking van skole met 'n Christelik Protestantse grondslag soos in die jare net na die Anglo-Boere oorlog, het hierdie bekwame ouderling-katkiseermeesters kostelike onderrig in die Bybel en Kategismus gegee. Manne soos ouderling D. P. J. van Schalkwyk van Trichardtsfontein en Gert Rossouw van Wolmaransstad was orals in die kerk bekend.

Die groot lyn wat dwarsdeur die geskiedenis van die godsdienstige onderrig en vorming van die jeug loop nl. Kerk- Ouerhuis-dagskool is nooit verlaat nie. Allerlei faktore het soms daartoe gedwing om die aksent dan op die een dan weer op die ander een te laat val.

Wat die kerklike sy betref is daar dadelik na die Anglo-Boere oorlog toe die lidmate weer rustig gaan woon het, en ook die dorpe en stede ingetrek het, 'n begin gemaak met sondagskole. „In de meeste gemeenten der Ned. Herv. Kerk, misschien wel in allen, vinden wy zondagscholen".[23]

Baie het nog ontbreek bv. 'n algemene leerplan en lesrooster,[24] sondagskoolkongresse, goeie organisasie en beleid.[25]

Die faktore wat bygedra het tot die ontstaan van die sondagskole was die volgende:

1. Die besef van die kerk dat hy 'n roeping en opdrag het i.s. die verbondskinders.

2. Die neutrale dagskool dring die kerk om meer aandag te skenk aan die godsdiensonderrig.

3. Omdat in die dorpe en stede Engelse sondagskole baie kinders trek, moet die Hervormde Kerk „voor persoonlyke opoffering" om 'n eie sondagskool op te rig en te onderhou „niet terug schrikken".[26]

Die Algemene Kerkvergadering van 1916 het die sondagskool arbeid gekoördineer en op 'n vaste grondslag geplaas. Die organisatoriese en prinsipiële rigting waarin die sondagskoolwese tot vandag toe verder

---

[23]) Ds. C. L. J. RUYSCH VAN DUGTEREN: *Onse Zondagscholen* Artikel in *De Hervormer*, 15 Mei 1909.
[24]) Vgl. Notule Algemeene Kerkvergadering 1912.
[25]) Vlg. Ds. C. L. RUYSCH VAN DUGTEREN a.w.
[26]) Vlg. Toespraak van PROF. DR. P. J. MULLER met geleentheid van bevestiging van nuwe lidmate *De Hervormer*, 15 Junie 1909. Vlg. ook RUYSCH VAN DUGTEREN a.w., P. VAN DRIMMELEN: *Godsdiensonderrig op School*, *De Hervormer*, 15 Junie 1909. Vlg. ook Notule Alg. Kerkv. 1909, 1912. Vlg. ook Ds. VAN BELKUM: *Kerk en School*, *De Hervormer*, 15 Mei 1910.

ontwikkel het, is in 1916 vasgelê. Die besluite het ongeveer hierop neergekom:

1. Daar sal 'n hoofsuperintendent wees wat leiding gee aan die sondagskole en verantwoording moet doen aan die Algemene Kerkvergadering.

2. In oorleg met hom benoem die ringe weer ringsuperintendende. Saam met die hoofsuperintendent vorm die ringsuperintendente 'n Sondagskoolraad.

3. Ringsuperintendente gee leiding in ringsverbande en bring daar verslae voor die ringsvergaderings.

4. Elke kerkraad benoem weer gemeente-superintendente wat onder toesig van die kerkraad leiding gee.

5. Onderwysers(esse) word deur die kerkraad op voordrag van die gemeentesuperintendent aangestel.

6. Die Sondagskool-Raad moet op gereëlde tye kongresse saamroep, 'n lesrooster opstel en handleiding by die lesse verskaf aan onderwysers(esse).

7. Daar moet registers van die sondagskoolkinders gehou word.

8. Statistiese en ander gegewens moet uit al die ringe verkry word.[27] Die bybelse Grondslag en opdrag vir die sondagskool is ook hier aangedui nl. Joh. 21:15 „Laat my lammers wei".

Die doel van die sondagskool is asvolg gestel:

1. Kennis by die jeug te bring aangaande God en sy Woord.
2. Liefde by die jeug vir die diens van God.
3. Troue lidmate van die Kerk wat kennis het van die kerkgeskiedenis en tuisvoel in die tradisies, en gebruike en beginsels van die Ned. Herv. Kerk.[28]

In die rigting is die arbeid nieteenstaande moeilike omstandighede van afstand, vervoerprobleme en finansiële struikelblokke voortgesit. In 1918 is 'n „Zondagschool Konferentie" onder leiding van Ds. Jac. van Belkum, die hoofsuperintendent, te Johannesburg gehou.[29]

Die getal afgevaardigdes was klein. Tog was al die ringe verteenwoordig.

Hier het Ds. van Belkum gepraat oor die doel van die sondagskool, terwyl Ds. L. E. Brandt oor die metode 'n inleiding gegee het. Vrugbare besprekings en besluite het gevolg. Ds. J. J. Prinsloo, J. J. Kuhn en P. W. van Drimmelen het die eindresultaat i.s. doel en wese van die sondagskool asvolg geformuleer: „De vervulling van de doopbelofte verplicht, dat elk kind, geheiligd in Kristus, onderwezen worde in de Schriften

---

27) Vgl. Notule Algemene Kerkv., 1916.
28) Vgl. Notule Alg. Kerkv., 1916.
29) Vgl. Ds. L. E. Brandt: *Zondagschoolkonferentie*, 16 Jan. 1918.

en de leer der Kerk, om alzo het kind ongehinderd tot zyn Heiland te laten komen, die gezegd heeft: Weidt myn lammeren"[30]

Wat die metode betref is die volgende as riglyn aangedui:

1. Die verband met en belangstelling van kerkraad moet sterk aangehaal wees.
2. Klasse moet ingedeel wees volgens bevattingsvermoë van die kinders.
3. Lesroosters moet gebruik word.
4. Pryse ter aanmoediging moet verskaf word.
5. „Het vertellen: Geen geloofsleer maar Bybelse Geschiedenis met duidelike toepassing op het zedelike en godsdienstige leven, die uit de geschiedenis kunnen getrokken worden. Alles moet kinderlyk blyven ook in het bidden en vertellen".[31]
6. Onderwysers moet hulle self goed voorberei. Waar moontlik kom hulle een keer in die week saam onder leiding van die predikant of 'n *ander* bekwame persoon.

Wat die gestalte van die sondagskool betref, het Ds. van Belkum dit so gestel: dit moet „soveel mogelyk gelyken op een dienst". Daarom moet die volgende elemente aanwesig wees:

1. Verkondiging (Skriflesing, vertelling).
2. Lofsang (daar moet baie gesing word).
3. Gebed.
4. Offergawe.

Ds. Brandt het i.v.m. die offergawe dit so uitgedruk: Dit is 'n hoofdeel van de Godsdienst. „De kinderen moeten leeren verstaan dat als men in de kerk komt, men daar ook komt om zyn offer der dankbaarheid aan de Here te brengen."[32]

Opsommend kan ons dit so formuleer:

Die begin en beginsels van ons sondagskoolwese is asvolg:

1. Die Grondslag en opdrag is die Woord van God. (Verbondsbelofte en verpligting en die subjek is die gemeente van Christus.)
2. Die doel is dat die kinders tot kennis en geloof in Jesus Christus sal kom en so tot lewende en bewuste lidmate van sy kerk op aarde.
3. Metode om dit te bereik sal wees: Verkondiging in ooreenstemming met bevattingsvermoë van die verskillende ouderdomsgroepe.
4. Gestalte: „Soveel mogelyk gelyken op een dienst".
5. Daar moet toerusting en voorbereiding van die onderwysers(esse) wees.

Nog twee aangeleenthede moet in die ontwikkeling van ons sondagskool genoem word: (*a*) Bybel-kennis eksamen en (*b*) die sondagskool tydskrif.

[30]) Ds. L. E. BRANDT, a.w.
[31]) Ds. L. E. BRANDT, a.w.
[32]) Ds. L. E. BRANDT, a.w.

In 1924 is die eerste Bybelkennis eksamen afgelê. Prof. Dr. H. P. Wolmarans, destyds nog predikant, was vir 'n lang tyd die organiseerder daarvan. Hy was die hoofsuperintendent en toe in 1926 die Bybelkennis-eksamen kommissie van naam verander het nl. „Kommissie vir die Jeug" was hy steeds die sekretaris, en die persoon wat die arbeid in die jare gelei het.[33]

Uit die notules wat hy gehou het en die rigting wat hy aan besprekings en besluite gegee, het blyk sy deeglikheid en bekwaamheid. Hy was dus een van die grondleërs van ons kerklike onderrigsarbeid.

Wat die ontwikkeling van leesstof en tydskrifte betref, kry ons in die maandblad *de Hervormer* in die begin van die eeu, artikels van Mev. Ds. Brandt. Daar was ook lesuiteensettings in *De Hervormer*.[34]

Gedurende die eerste helfte van 1920 verskyn *De Zondagschool*. Dit was 'n kinderblad met lesuiteensettings en 'n kinderverhaal. Dit kon egter weëns finansiële probleme nie lank bestaan nie.

Vandag het dit egter sover ontwikkel, dat daar 'n tydskrif vir die onderwysers is nl. „Weiding", 'n blad vir die kinders nl. „Ons Kinderblad" en 'n vaste rubriek in *Die Hervormer* vir die rypere jeug.

### *Die Ned. Herv. Jeugvereniging*

In 1905 reeds het Prof. Dr. P. J. Muller 'n Christelyke Jongelieden Vereniging in Pretoria gemeente gehad. Later het Potchefstroom gemeente ook 'n Christelyke Jongelieden Vereniging gestig. In die begin van die dertigerjare het die Kommissie van die Jeug die Algemene Kommissie versoek om die Statute van Potchefstroom goed te keur vir al die gemeentes [35] Alhoewel daar besluit was deur die Algemene Kommissie om 'n herderlike brief aan al die gemeentes te stuur met die versoek om Jongeliede Verenigings te stig, wou die Algemene kommissie, op voorstel van Ds. C. H. Rautenbach dit liewer aan elke gemeente oorlaat.[36]

Ook hierdie ontwikkeling van die Jeugwerk het voortgegaan. Daar is vandag oor die honderd jeugverenigings. Net soos die kerk is die jeugverenigings ringsgewys ingedeel. Ring sowel as Algemene Kongresse word gehou waar probleme en verdere uitbouïng bespreek word. Die jongste ontwikkeling gaan in die rigting van skeiding in Junior en Senior Jeugverenigings, ringsjeugrade en skeiding tussen Raad vir Jeugwerk, Raad vir Sondagskole en Raad vir Kategese.

Die doel van dit alles is dat ons jeug op die grondslag van die Heilige Skrif God sal verheerlik in die gemeente van Jesus Christus.

L. M. le Roux

[33]) Vlg. Notule Jeugkommissie, 12 Aug. 1925.
Vlg. ook Notule Alg. Kommissie, 24 Feb. 1926.
[34]) Vgl. *De Hervormer*, 15 Jan. 1916, en volgende jaarreekse.
[35]) Vgl. Notule Kommissie Algemene Kerkv. 29, 30 Des. 1931.
[36]) Vgl. Notule Alg. Kommissie 1 Maart 1932. Asook die van 25, 26 Junie 1931.